Konsulent

Wat is ‘n konsulent?

- Die konsulent is ‘n predikant wat deur die klassis aangewys word om as voorsitter op te tree wanneer ‘n gemeente vakant is.
- Hy tree ook as voorsitter op wanneer dit vir ‘n predikant van die betrokke gemeente nie moontlik of wenslik is om self as voorsitter op te tree nie.

Status van ‘n konsulent?

- Die konsulent is nie ‘n lid van die kerkraad nie.
- Hy het geen keurstem nie.
- Hy word nie by die kworum van die kerkraad gereken nie.
- By staking van stemme het die konsulent geen beslissende stem nie.

Pligte van ‘n konsulent?

- Neem leiding as voorsitter tydens kerkraadsvergaderings.
- Bedien vakante gemeentes van raad en advies.
- Woord- en sakramentsbediening word nie as vanselfsprekend beskou nie. Dit moet afsonderlik gereël word met die toestemming van die kerkraad waar die konsulent as predikant dien, met reiskoste en vergoeding.

Pligte van ‘n konsulent (vervolg)

- Onder KO, art 41 moet daar terugvoering gegee word aan die klassis t.o.v. die konsulent se werksaamhede oor wat gedoen is.

Kerkraadsverpligting teenoor ‘n konsulent

- Die kerkraad nader die konsulent oor raad en advies.
- ‘n Vakante kerkraad moet met die konsulent en die kerkraad waaraan hy verbonde is onderhandel oor:
  - Eredienste en sakramentsbediening.
  - Vergaderings.
  - Ander redes waarvoor die konsulent se teenwoordigheid benodig mag word.

Kerkraadsverpligting teenoor ‘n konsulent (vervolg)

- Alle reiskoste ten opsigte van werk wat amptelik deur die kerkraad versoek is, sal deur die kerkraad aan die konsulent vergoed word en wel volgens die vergoedingskaal wat deur die klassis goedgekeur is.
- Benewens vergoeding van reiskoste, moet vir Woord- en sakramentsbediening asook vir leiding en advies aan die kerkraad, behoorlike honorarium gegee word.

Kerkraadsverpligting teenoor ‘n konsulent (vervolg)

- Onder KO, art 41 moet daar terugvoering gegee word aan die klassis t.o.v. die konsulent se werksaamhede of die kerkraad daarmee tevrede is.

- ‘n Kerkraad mag nie sonder die medewete en bewilliging van die konsulent ‘n ander predikant vra om as voorsitter op te tree nie.